

22 November - VADER

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-24

Fokusgedeelte: Lukas 15:20

Nêrens anders in die Bybel sien ons God se Vaderskap so duidelik uitgebeeld as in hierdie gelykenis nie. Iemand sê dat die gelykenis eerder “die gelykenis van die vergewende Vader” moet wees.

Eerstens sien ons die wagtende Vader. Hy het bekommerd gesien hoe sy seun vertrek. Maar Hy het nooit opgehou om te wag vir sy seun se terugkeer nie. Geduldig het Hy die pad dopgehou. Daarom sien Hy toe hy “nog ver aankom”.

Ons sien die hardlopende Vader. En toe Hy sy seun sien aankom, het Hy hom innig jammer gekry, na hom toe gehardloop, hom omhels en gesoen. In die Midde-Ooste bewys jy jou waardigheid deur die manier waarop jy loop – regop en stadig. Om te hardloop, is om jouself te verneder. Die Vader hardloop. Sy seun is vir hom belangriker as sy waardigheid.

En Hy het hom gesoen. Daar staan eintlik: Hy het sy seun aanhoudend gesoen. Die seun stamel nog sy belydenis, toe omhels Hy hom en soen hom. Daarmee sê Hy: jou sondes is vergewe. Ek vergeet dit. En Hy bring klere en trek dit vir hom aan, sit ’n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan. Dit is alles tekens dat die seun weer herstel word as erfgenaam. Hy neem weer sy ereposisie as seun in die huis in.

En dan: Bring die vetgemaakte kalf, slag hom, laat ons eet en feesvier. Hierdie seun was dood en hy lewe weer, hy was verlore en ek het hom teruggekry.

Hierdie beelde vertel dat ons ’n volmaakte Vader het. Hy het in sy liefde vir die sondaar so ver gegaan dat Hy sy eniggebore Seun in ons plek in die dood oorgegee het. Hy vergewe ons al ons sondes. Hy dink nooit weer daaraan nie.

Ons het kinders van die Vader geword wat elke dag sy troue versorging kan geniet. En ons is dankbare kinders wat Hom in alles verheerlik.

Sing: Skrifberyming 2-1:6, 7

Ds AL Pelsner (Bethlehem)